higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

KLEDINGKONSTRUKSIE N5

(10010505)

28 September 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

101Q1B2028

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KLEDINGKONSTRUKSIE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A: KORTVRAE		50 punte
AFDELING B: LANGVRAE	(3 × 50)	150 punte
GROOTTOTAAL:		200 punte

5. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n Kledingstuk met 'n Amerikaanse skouerstuk het …

A 'n naat op die skouer.
B 'n naat by middelvoor.
C geen naat op die skouer.
D 'n naat op die skouerrug.

1.1.2 Ribafwerking ('rib trim') is 'n strook van … wat gebruik word om die halslyn van 'n sweetpak af te rond.

A belegsel
B tussenvoering
C rekbare knieband
D soom

1.1.3 'n Snyerskledingstuk word gepars …

A nadat dit voltooi is.
B na elke konstruksieproses wat voltooi is.
C slegs nadat die nate voltooi is.
D voordat die soom gestik word.

1.1.4 'n Reguit stiksel, meestal op 'n enkellaagstof, net binne die geboë of reghoekige ('angled') naat om te verhoed dat die nate skeef trek.

A Houstiksel
B Bostiksel
C Onderstiksel
D Agterstiksel

1.1.5 'n Naattorringmessie ('seam ripper') is die ideale keuse om …

A deur skerp hoeke te druk.
B ogies te maak.
C om omboorde knoopsgate te knip.
D nate los te torring.

1.1.6 … is ideaal vir konstruksiemerkwerk en die pasveranderinge.

A Maatbande
B Radeerwieletjies
C Snyerskryt
D Tandskêre

Kopiereg voorbehou

1.1.7 'n … is 'n stewig verpakte silindriese kussing, hoofsaaklik gebruik om lang, geboë nate en nate in baie smal areas te pars.

A Strykmof
B Mouplank
C Snyersoom
D Naatrol

1.1.8 … is wanneer die naattoelating uitgeskakel word en die rafelrande met omboorsel of binding ('banding or binding') omhul word.

A Gevlakte rand ('faced edge')
B Omhulde rand ('enclosed edge')
C Opgeslane rand
D Omgekapte rand

1.1.9 Hierdie soort sak hang los aan die binnekant van 'n kledingstuk, terwyl die enigste sakopeningstyllyn aan die buitekant van die kledingstuk sigbaar is.

A Binnesak
B Opgestikte sak
C Flapsak
D Innaatsak

1.1.10 'n … belegsel word met behulp van 'n patroon uitgesny, in dieselfde vorm en op dieselfde draadlyn as die rand wat dit gaan afrond.

A Gekombineerde
B Verlengings-
C Skuins
D Gefatsoeneerde

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Leer en suède kan met behulp van 'n parsdoek of bruin papier aan die agterkant gepars word.

1.2.2 'n Garinginsteker vergemaklik ryging van hand- of masjiennaalde.

1.2.3 'n Naattorringmessie het 'n skerp, geboë rand om nate oop te sny.

1.2.4 Sny leer met baie skerp skêr in egalige hale.

1.2.5 Spelde moet heeltemal vermy word wanneer leerbaadjies gestik word.

1.2.6 Balpuntnaalde het geronde punte.

Kopiereg voorbehou

1.2.7 'n Omboorde knoopsgat is die mees geskikte vasmaakmiddel vir die band van 'n mansbroek.

1.2.8 Die gulp op mansbroeke maak van regs oor links toe.

1.2.9 'n Franse naat ('French seam') kan gebruik word wanneer 'n ritssluiter ingesit word.

1.2.10 'n Amerikaanse skouerstuk vorm deel van die voor- en agterkant.

(10 × 1) (10)

1.3 Kies 'n item/woord uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Twee naalde op een steeltjie	A	tussenbelegsel
1.3.2	Velcro	B	skeringrigting
1.3.3	Ingesitte mou	C	sjaalkraag
1.3.4	Beskerm die materiaal teen deurskyning	D	hempskraag
1.3.5	Aanstrykvoering ('vilene')	E	watteersel
1.3.6	'n Mou met 'n pylnaat op die skouer	F	balkhegsel ('bar tack')
1.3.7	Onderkraag	G	dubbelnaalde
1.3.8	Soort steek	H	tussenvoering
1.3.9	'n Kraag met 'n middelagternaat	I	raglan-mou
1.3.10	Soort kraag met 'n kraagband ('stand') en 'n omslag ('fall')	J	tweestukmou
		K	vasmaakmiddel

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.4 Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 'n Strook wat gebruik word om die rafelrand van die materiaal af te werk.

1.4.2 Die mees geskikte vasmaakmiddels om vir knoopsgate te gebruik.

1.4.3 'n Middelvoor van 'n romp.

1.4.4 'n Geskikte vasmaakmiddel vir 'n mansbroek.

1.4.5 'n Voering wat met behulp van 'n patroon uitgesny word in dieselfde vorm en op dieselfde draadrigting as die rand wat dit gaan afrond.

1.4.6 Die mees geskikte vasmaakmiddel op die middellyfband van die mansbroek.

1.4.7 ’n Mousnit as verlenging van die lyfpant; hoofsaaklik ’n los passtuk.

1.4.8 ’n Getande randafwerking wat vir deurskynende stof en sirkelrompe van aanddrag gebruik word.

1.4.9 'n Spons wat 'n bepaalde fatsoen vorm, afhangende van die styl van die kledingstuk, en wat bo-op die skouer lê.

1.4.10 'n Materiaaltonnel wat gemaak word om rek of 'n toetrekkoord te omsluit.

(10 × 1) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Identifiseer en benoem die volgende skets van 'n gebreide kledingstuk:



(2)

2.2 Bespreek die VYF eienskappe van breistowwe. (5 × 2) (10)

2.3 Bespreek DRIE basiese soorte masjiennaalde. (6)

2.4 Wat is 'n *houstiksel*? (3)

2.5 Gee VIER masjiensteke geskik vir breistowwe. (4 × 2) (8)

2.6 Bespreek die mees algemene gebruike van riffelwerk ('ribbing'). (3)

2.7 Noem VIER soorte breistowwe. (4)

2.8 Gee TWEE masjiensteke wat geskik is vir breistowwe. (2 × 2) (4)

2.9 Gee TWEE voorbeelde van middellyfafwerkings. (2)

2.10 Onderskei tussen 'n *inslagbreistuk* ('*weft knit'*) en 'n *skeringbreistuk* ('*warp knit*'). (4)

2.11 Wat is die TWEE gehaltestandaarde van belegsel? (2 × 2) (4)

[50]

VRAAG 3

3.1 Bestudeer die skets van 'n ritsvasmaakmiddel hier onder en beantwoord die vrae.



3.1.1 Identifiseer die soort opening. (1)

3.1.2 Bespreek die tradisionele oorslagrigting vir mans- en damesklere. (4)

3.1.3 Identifiseer die soort steek aan die onderkant van die opening. (1)

3.1.4 Bespreek die doel van bogenoemde steek. (2)

3.1.5 Identifiseer die laaste stiksel wat aan die linkersy van die opening sigbaar is. (1)

3.1.6 Wat is die doel van bogenoemde stiksel? (2)

3.2 Wat is die TWEE gehaltestandaarde van steke? (4)

3.3 Die keuse van die breistof word op TWEE oorwegings gegrond. Noem hulle. (2 × 2) (4)

3.4 Bestudeer die volgende skets van 'n TWEESTUKkraag en beskryf die konstruksieproses wat hier onder getoon word.





(20)

3.5 Wat is die verskil tussen *ondervoering* en *tussenvoering*? (2 × 2) (4)

3.6 Noem VYF verskillende soorte parstoebehore wat nodig is vir doeltreffende snyerswerk. (5)

3.7 Wat is die doel van pars in snyerswerk? (2)
[50]

VRAAG 4

4.1 Gee DRIE soorte ritssluiters. (3)

4.2 Gee 'n beskrywing van elk van die bogenoemde soorte ritssluiters. (3 × 2) (6)

4.3 Beskryf die posisionering van knoopsgate by damesklere. (4)

4.4 Hoe bepaal ons die lengte van die knoopsgat? (2)

4.5 Gee VIER soorte mouafwerkings. (4)

4.6 Gee DRIE soorte krae. (3)

4.7 Gee EEN voorbeeld van elk van bogenoemde soorte krae. (3)

4.8 Definieer die volgende terme:

4.8.1 Insoom

4.8.2 Uitsoom

4.8.3 Sakstof

4.8.4 'n Sluiter ('stay')

4.8.5 Balkhegsel ('bar tack')

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

4.9 Benoem die volgende soorte nate en gee TWEE soorte gepaste stowwe vir elke soort naat.

4.9.1



4.9.2



4.9.3



4.9.4



4.9.5



(5 × 3) (15)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou